
# 473 Verheerlik aan Gods regterhand




Van dáár sal Hy as regter kom;
kniel neer, o al wat lewe!
Voor Hom sal mensewoord verstom;
sal elke skepsel bewe.

Hy kom, en by Hom is sy loon -
Hy kom weer op die wolke;
dan dra Hy sy oorwinnaarskroon;
kniel voor Hom, alle volke!

Hy oordeel en verlostes juig:
Die regter is ons Here!
Hy rig, en die heelal getuig:
Sy regspraak is met ere!

Kom, Kerk van Christus, doen sy werk,
die einde kom steeds nader;
Hy is die koning wat ons sterk
tot diens van God, die Vader.

Pieter L. van de Kasteele (1748-1810) Boheme (1595) / M. Praetorius (1610)